

Sing vooraf staande: Psalm 21:1, 9 (p. 94)

- 1 U maak, o HEER, die koning bly, / omdat u arm so sterk is, / sy heil deur u bewerk is.
Sy wens het hy van U verkry; / U het wat hy begeer. / geweier nóg geweer.
- 9 Verhef U in u sterkte, HEER, / en laat u groot vermoë / gesien word voor die oë
van almal wat U roem en eer! / Ons buig ons voor u mag / en prys u heldekrag.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 47:1, 3 (p. 240)

- 1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!
- 3 God vaar voor die oog met gejuig omhoog; / die trompette blink, die basuine klink:
met 'n groot geskal styg bo berg en dal / God se glorie uit. Laat nou die geluid
van jul psalme hoor: laat 'n jubelkoor / Hom, die Vors en Heer van die aarde, eer!

Gebed

Skrifberyming 6-1:1, 2, 3 (11:1, 2, 3)

- 1 Die laagte deur waar die olywe staan, / het hul met Jesus na die berg gegaan;
En dáár het Hy, in stilte ongestoord, / tot hul gesprek sy laaste lewenswoord:
- 2 “Jul wat só na die Godsryk al verlang, / sal nou die kragte van die Gees ontvang,
En oor die wydtes dan van land en see / uit nuwe krag van My getuig'nis gee.”
- 3 En toe het Hy, terwyl hul na Hom staar, / geruisloos opgestyg en weggevaar.
'n Digte waas het Hom geheel oordek, / 'n wolk het Hom sag aan hul oog onttrek.

Skriflesing: Lukas 24:26-53; Handeling 1:1-10

Kernverse: Handeling 1:9-11

En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.
(Handeling 1:9-11 AFR53)

Tema: Die waarheid en gevolg van Christus se hemelvaart

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, 'n mens staan verstom oor die mensdom se arrogansie. Op elke denkbare manier probeer die mensdom met sy kamtige wysheid en wetenskaplike bewyse die bestaan en werk van God afmaak as 'n storie wat nie werklik gebeur het nie. Tot die Christene se skok het Nikita Khrushchev, die Sowjetunie se leier van die vroeë sestigerjare van die vorige eeu, gesê: Gagarin was in die ruimte, maar hy het geen god gesien nie. Dit het hy gesê in 'n toespraak as deel van sy anti-godsdienst veldtog.

Ons weet dat die kommuniste werklik alles in die stryd werp om die Christelike geloof dood te druk. Dit word vandag steeds gedoen in die voormalige Sovjetrepublieke. Maar die aanvalle teen God en sy Woord en werk word nie net deur ongelowiges soos die kommuniste gedoen nie.

Daar is selfs mense wat hulleself Christene noem wat bedenkinge het oor die wonderwerke van die Here. Daar is groepe wat hulleself kerke noem wat niks van die maagdelike geboorte van Christus, sy opstanding uit die dood of selfs van sy hemelvaart wil weet nie. Hierdie sogenaamde Christene wat hierdie onwaarhede aangaande Christus versprei en hulle wat omgepraat word om dit te glo, is die bejammerenswaardigste van alle mense. Dan is hierdie lewe op hierdie aarde ook al wat hulle het, net soos wat Nikita Khrushchev gedink het. Watter onderskeid is daar dan tussen die ongelowiges en die Christene?

Broers, susters en kinders, vanaand wil ons vanuit die Woord van die Here die waarheid aangaande Christus se hemelvaart bekyk. Daarom sal dit goed wees indien ons die Bybel maar voor ons oophou by die twee gedeeltes wat ons saam gelees het sodat ons die feite voor oë het. Die eerste deel van die preek is dan hoofsaaklik toerustend van aard sodat ons nie omvergegooi word deur die argumente van die arrogante mense nie. Maar ons wil nie daar ophou nie. Uiteindelik moet ons ook vanuit ons kernverse hoor watter gevolg Christus se hemelvaart vir my en jou in ons daaglikse lewe het.

Om vaardig te raak met die swaard van die Gees moet 'n mens die swaard in jou hand neem en dit goed bekyk en agterkom hoe die Heilige Gees die swaard laat werk. Daarom begin ons die toerustinggedeelte deur die twee beskrywings van Christus se hemelvaart te vergelyk. Dit is op grond van verskille tussen hierdie twee beskrywings wat mense so ver gaan om te sê dat die hemelvaart nie waar kan wees nie.

Lukas het in die evangelie, soos wat die Heilige Gees hom dit ingegee het, geskryf van Christus se werk op aarde. Daardie eerste volume werk sluit hy af met die hemelvaart van Christus. Lukas was 'n reisgenoot van Paulus op sy sendingreise en 'n geliefde broer in die Here Jesus Christus vir Paulus. Gedryf deur die Heilige Gees het Lukas die voortgesette handeling van die verheerlikte en verhoogde Christus deur sy apostels in die tweede boek – Handeling – beskryf. Dit is tog verstane dat hy die tweede volume werk sal begin waar hy geeëndig het – by die hemelvaart van Christus.

'n Menslike skrywer sal noukeurig daarop let dat hy homself nie weerspreek wanneer hy twee keer oor dieselfde saak skryf nie. Maar die evangelie volgens Lukas en die boek Handeling is nie die handewerk van Lukas nie. Die Heilige Gees is immers die eintlike Skrywer van die twee boeke en Hy sal Homself beslis nie weerspreek nie.

Tog kan ons onself nie blind hou vir die verskille tussen die twee beskrywings van die hemelvaart nie. Lees 'n mens Lukas 24 dan lyk dit asof die opstanding van Christus en sy hemelvaart op dieselfde dag of ten minste op twee agtereenvolgende dae plaasgevind het. Kyk, na die ontmoeting met die mense van Emmaus en die ete by hulle aan huis, het Jesus net uit hulle gesig verdwyn (Luk 24:31). Die twee manne is toe terug na Jerusalem om dit vir die ander dissipels te gaan vertel. Terwyl hulle nog met mekaar praat, het Jesus aan hulle verskyn. Hierdie ontmoeting van Jesus met die dissipels word afgesluit in vers 49. En dan begin vers 50 dadelik om te vertel dat Jesus hulle na Betánië uitgelei het en dat Hy opgevaar het na die hemel. Hier word niks van die veertig dae tussen die opstanding en hemelvaart melding gemaak nie.

Om hierdie verskil te verstaan, moet 'n mens die hele boek Lukas in ag neem. In die boek Lukas word die evangelie en die verlossingswerk van Christus verkondig. Die hoofelement

is Jesus se gaan na Jerusalem om aan die kruis te sterf. Daarom word die grootste gedeelte van Lukas afgestaan aan Jesus se reis na Jerusalem en sy kruisiging daar – Lukas 9 tot 23. Lukas 24 is 'n beknopte beskrywing van Jesus se opstanding en verskynings na sy opstanding, net soos wat Lukas 1 tot 9 'n beknopte beskrywing is van Jesus se geboorte af tot die begin van sy reis na Jerusalem.

In die een beskrywing word daar ook sake genoem wat nie in die ander beskrywing genoem word nie. Die beskrywing in Handeling 1 lyk meer uitgebreid. Duidelike verskille tussen Lukas en Handeling 1 is die volgende. In Lukas staan daar geskryf dat Jesus sy hande seënend omhoog gehef het toe Hy opgevaar het en die dissipels het Hom aanbid. Dit word nie in Handeling 1 genoem nie. Maar in Handeling 1 word die wolk en die twee engele genoem. Maar 'n mens kan tog nie op grond van die verskille sê dat die hemelvaart onwaar is nie. Wanneer die hemelvaart twee maal beskryf word, gee die Heilige Gees nie presies dieselfde woorde vir Lukas in om te skryf nie. Die twee beskrywings weersprek mekaar nie, maar komplementeer mekaar.

Daar is ook nog die verskil in die plek van die hemelvaart. Volgens Lukas klink dit asof Jesus die dissipels tot by Betánië gelei het en toe opgevaar het. Volgens Handeling 1 het hulle 'n sabbatsreis ver van Jerusalem op die Olyfberg gegaan van waar Jesus opgevaar het. Ons moet egter onthou dat die Bybel nie 'n geskiedenis- of geografieboek is nie. Albei beskrywings van die hemelvaart dui daarop dat dit oos van Jerusalem plaasgevind het. Die beskrywing in Lukas kan ook so vertaal word dat Jesus hulle in die rigting van Betánië gelei het en nie tot by Betánië nie.

Uit die geskrewe teks is dit net hierdie drie verskille wat mense opmerk om te sê dat die hemelvaart nie waar kan wees nie. Maar dan kyk hulle moedswillig die ooreenkomste mis. Daar is vyf ooreenkomste tussen die beskrywings:

- Albei beskrywings sê dat die hemelvaart plaasgevind het nadat Jesus die dissipels opdrag gegee het om getuies van Hom en sy werk te wees.
- Albei beskrywings sê dat die hemelvaart oos van Jerusalem iewers op die Olyfberg plaasgevind het.
- In albei beskrywings is die woord wat ons vertaal met *opgeneem* in die passiewe vorm geskryf. Dit is dus die Vader wat sy Seun opgeneem het, soos wat Hy Hom opgewek het.
- In al twee die beskrywings word gesê dat die dissipels na die hemelvaart na Jerusalem teruggekeer het.
- In albei beskrywings word daar aangeteken dat die dissipels in Jerusalem moes wag vir die Heilige Gees wat aan hulle belowe is.

Die ooreenkomste tussen die twee beskrywing is meer en weeg inderdaad swaarder as die verskille. Daarom kan 'n mens nie op grond van hierdie oënskynlike verskille sê dat die hemelvaart nie waar is nie.

Die slimigheid van die teenstanders van die waarheid hou ongelukkig nie daar op nie. Met meer vernuf probeer hulle mense ompraat deur te sê die gedagte aan die hemelvaart hou eerder verband met hoe die mense van daardie tyd die wêreld verstaan het. Hulle wys dan daarop dat Lukas die enigste Bybelskrywer is wat die hemelvaart beskryf. En in sy voorwetenskaplike kennis van die wêreld het hy maar probeer om in eenvoudige taal te verduidelik wat van Jesus geword het omdat Hy nie meer op die aarde is nie. Om hierdie rede wil die mense met hulle slimigheid sê dat die hemelvaart eerder simbolies verstaan moet word net soos wat hulle Jesus se opstanding ook net simbolies wil verstaan.

Dit is juis hierdie mense wat die hemelvaart simbolies wil verstaan wat ook die ander wonders van Jesus nie wil glo nie. Omdat niemand vandag op water kan loop, of blindes se sig kan genees, of uit die dood kan opstaan nie, glo hulle nie die wonders nie. Wonderwerke is egter God se eie werk net soos die skep van lewe God se eie werk is. Tot vandag toe kan mense nie lewe skep nie. Net omdat mense dit nie kan doen nie, beteken mos nie dat lewe nie geskep kan word nie, want ons almal is tog self die getuienis van God se skeppende werk.

Lukas is inderdaad die enigste een wat die hemelvaart beskryf, maar regdeur die Nuwe Testament word die hemelvaart van Christus veronderstel. Johannes veronderstel dit wanneer Jesus met Maria Magdalena by sy verskyning aan haar vir haar sê dat Hy nog nie opgevaar het nie. Die boek Hebreërs maak telkens melding van Jesus se teenwoordigheid by die Vader nadat Hy aan die kruis gesterf en opgestaan het.

Die wyse waarop Lukas die hemelvaart beskryf, gee geen aanduiding dat ons dit simbolies moet verstaan nie. Die algemeen aanvaarbare manier van verstaan van die Skrif is dat ons dit letterlik verstaan tensy die Heilige Gees vir ons in die teks aandui dat ons dit anders moet verstaan.

Daarby moet ons raaksien hoe baie klem die Heilige Gees lê op die feit dat daar mense was wat gesien het dat Jesus opgeneem is in die hemel. In hierdie drie kernverse word daar nie minder nie as vyf keer verwys na die feit dat die dissipels met hulle eie oë gesien het dat Jesus opgeneem is. Op grond van hierdie beklemtoning van die Heilige Gees bely ons in die Kategismus ook dat **Christus voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem is**. Wanneer daar 'n apostel in die plek van Judas Iskariot gekies moet word, hoor ons dat die aanskouing van die hemelvaart een van die vereistes moet wees vir iemand wat as apostel van Jesus kan dien (Hand 1:21-22).

Buitendien het die hemelvaart van Jesus 'n baie duidelike verstaanbare doel wat Jesus self verwoord het nog voor sy kruisiging. In die nag voordat Hy gevange geneem is, het Hy gesê dat Hy weggaan. En Hy het beklemtoon dat Hy moes gaan sodat die Heilige Gees as Trooster kon kom (Joh 16:7). Na sy opstanding het Jesus verskeie kere skielik aan sy dissipels verskyn en ook skielik uit hulle gesig verdwyn. Maar op die veertigste dag verdwyn Hy nie net nie. Voor hulle oë is Hy opgeneem sodat die dissipels kon begryp dat hierdie keer se weggaan finaal is. Hulle hoef daarom nie te wag vir nog 'n verskyning nie. Daarom het hulle ook Jerusalem toe gegaan om te wag op die belofte van die Heilige Gees, want Jesus het nog altyd sy Woord gehou. En tien dae later het hulle die belofte ontvang toe die Gees uitgestort is.

Geliefdes, met hierdie toerusting wat die Heilige Gees ons in die Woord gee, kan ons die moedswilliges tereg wys en die wat verward is reg help. Die hemelvaart van die Here Jesus is die volle waarheid. Maar dit is nie al rede hoekom ons van die hemelvaart by monde van Lukas hoor nie. Ons wil nog weet watter gevolg Christus se hemelvaart vir ons daaglikse lewe het.

Die onmiddellike gevolg van Christus se hemelvaart was dat die dissipels na Jerusalem teruggekeer het om op die belofte van die Here se Heilige Gees te wag. Hulle het met groot blydschap teruggekeer. Wat doen die hemelvaart van Christus aan ons? In antwoord daarop kan 'n mens die hele Bybel deurlees om te sien watter uitwerking Christus se verlossingswerk in sy geheel op ons behoort te hê. Daar is egter 'n voor die hand liggende antwoord in ons kernverse. Daarvoor vestig die Heilige Gees ons aandag op die twee manne wat in wit klere by die dissipels gestaan het. Hierdie twee manne was engele wat daar by die dissipels gestaan het.

Lukas maak van die werk van die engele melding by elke groot moment in die lewe van Jesus op aarde wat vir ons aandui waarheen die Here met alles op pad is. Engele was teenwoordig by die aankondiging van Jesus se geboorte. In die tuin in Getsémané het die engele Jesus versterk. Twee engele in spierwit klere het die opstanding van Jesus aan die vrouens verkondig. Daarom is dit ook gepas dat die engele by Jesus se hemelvaart sal wees om die betekenis daarvan duidelik te maak. Dit is opmerklik dat die begrip *opkyk na die hemel of in die hemel in* tot vier keer in vers 10 en 11 voorkom. Met daardie herhaling en die engele se woorde kan ons met sekerheid aflei dat die dissipels nie hemelbeskouers moet wees nie. Christus het ons nie verlos om verdwaas of in verwondering op te staar na die hemel nie. Daar is twee redes daarvoor.

Die eerste rede: Jesus sal terugkom.

Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het. (Handelinge 1:11 AFR53)

Die dissipels se gestaar na die hemel sal nie Jesus laat terugkom nie, hoe graag hulle dit ook al wou gehad het in daardie stadium. Jesus sal terugkom op die vasgestelde tyd. Ons moet egter nie verstaan dat Jesus se wederkoms sal plaasvind soos 'n film wat maar net agteruit gespeel word nie. Ons hoor uit die Woord dat daar ooreenkomste is tussen sy weggaan en wederkoms, maar daar is ook verskille.

Wat die ooreenkomste betref:

- **Hierdie Jesus** sal terugkom. Dieselfde verheerlikte Jesus Christus, die Seun van God, sal terugkom.
- Die wederkoms sal net soos die hemelvaart sigbaar vir mense gebeur. Mense sal Hom sien terugkom soos wat die dissipels hom gesien gaan het.
- En Jesus sal weer op 'n wolk terugkom soos Hy gegaan het. Die wolk is reeds in die Ou Testament met die uittog uit Egipte en ook in die Nuwe Testament teken van God die Vader se persoonlike teenwoordigheid. Die Vader het sy Seun opgeneem in die hemel. Die Vader sal sy Seun weer na die aarde terugbring.

Maar daar is belangrike verskille tussen die hemelvaart en wederkoms:

- Alhoewel Jesus Christus persoonlik weer kom, sal sy wederkoms nie privaat wees nie. Die hemelvaart is net deur die dissipels gesien. Sy wederkoms sal wêreldwyd sigbaar wees.
- Waar Jesus alleen opgeneem is, sal Hy met sy wederkoms nie alleen wees nie. Saam met Hom sal sy leërskaare van heilige engele wees.

Die engele het nie iets nuuts vir die dissipels gesê nie. Hulle het net Jesus se eie woorde bevestig. Hy gaan terugkom en as Hy weer kom, kom Hy om oor die lewendes en die dooies te oordeel. Die dissipels het dit geglo, daarom het hulle teruggegaan na Jerusalem. Die apostels het so vas geglo dat Jesus gaan terugkom dat hulle verskeie kere verkondig het dat die wederkoms naby is. Glo ons nog vas dat Jesus weer sal kom? Of het ons dit ook maar uit ons gedagtes uitgeskuif omdat alles jaar na jaar so normaal en doodgewoon voortgaan? Laat ons nie vergeet nie. Anders as Jesus se hemelvaart sal sy wederkoms skielik wees soos 'n dief in die nag. As Christene lewe ons dan nugter en in afwagting, want sy wederkoms is naby. Jesus het nog altyd gedoen wat Hy gesê het Hy sal doen.

Die tweede rede word in die woorde van die engele veronderstel. Jesus sal weer terugkom, maar tot dan moet die dissipels getuies wees van die verlossingswerk van Jesus Christus.

Daar was 'n fundamentele afwyking in die dissipels se reaksie op Jesus se hemelvaart. Hulle staan en opkyk na die hemel terwyl hulle die opdrag gekry het om na die eindes van die wêreld te gaan. Hulle oë moet gerig wees op die wêreld nie op die hemel nie. Hulle is immers geroep en toegerus om getuies te wees – nie toeskouers nie. Om in nostalgie na die hemel te staar gaan niks aan die huidige omstandighede verander nie. Jesus kom terug op die tyd wat die Vader bestem het. As apostels moet hulle blik nou op die wêreld gerig wees waarheen die Here hulle gestuur het om Christus met deernis en oorgawe aan die verlore wêreld te verkondig.

Hierdie opdrag is egter nie beperk tot die apostels nie. Hierdie opdrag is die opdrag aan die kerk van die Here oor die aarde heen. En die kerk is beslis nie net die ouderlinge, predikante en diakens nie. Die kerk is elkeen van ons wat met die kosbare bloed van Christus losgekoopt is en toegerus is met die Heilige Gees om van sy wonderbare daade te vertel in hierdie wêreld. Ons moet dus nie ons tyd vermors deur te spekuleer oor die hemel en wat daar gebeur en wie eendag daar gaan wees nie, of wanneer Christus gaan terugkom nie. Hy kom, daarvoor hoef ons nie te wonder of bekommerd te wees nie. Maar totdat en voordat Hy terugkom het ons 'n opdrag wat uitgevoer moet word. Ons moet Hom as die gekruisigde aan almal verkondig in woorde en in daade.

Geliefdes, die Heilige Gees rus ons toe met hierdie Skrifgedeelte sodat ons nie vasgevang word deur na die hemel te staar nie maar raak te sien dat die Here met sy ganse skepping op pad is na die laaste dag. Daarom moet ons die volgorde van gebeure raaksien en begryp. Christus het teruggegaan na sy Vader in die hemel en die Heilige Gees het gekom om ons te troos en te lei en te leer. Met hierdie toerusting word ons – die kerk – uitgestuur. En die laaste gebeurtenis is die wederkoms van Jesus. Ons moet hierdie volgorde behou, want wanneer ons dit verkeerd gaan rangskik, gaan daar ontelbare baie dinge onverklaarbaar wees. Tussen die hemelvaart en die wederkoms is daar 'n onbekende tydperk – ons weet nie hoe lank dit gaan duur nie. Mag ons egter gehoorsaam wees aan die Here sodat wanneer Hy terugkom Hy ons aan die werk kry en nie starende na die hemel nie.

Amen!

Gebed

Skrifberyming 6-1:4, 5, 6 (4, 5, 6) Vir vers 6: Laaste twee reëls van die melodie

- 4 Terwyl hul smagtend na die hemel kyk / en Jesus altyd verder van hul wyk,
het daar twee manneⁱⁿ wit gewaad kom staan, / die spreek hul met 'n hemelboodskap aan:
- 5 “O manne, nou vereensaamd en alleen, / wat staan en staar jul na die hemel heen?
Die Jesus wat gevaar het na omhoog, / sal net so kom, verheerlik voor die oog.”
- 6 En van die berg waar die olywe staan, het hul met blydskap na die stad gegaan.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
Hemelvaart
14 Mei 2015